DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin



Predikant: Ds. S.P. Venter

Pastorie: 015 296 1840

Sel: 082 809 0222

Epos: sarel.pventer@gmail.com

## 2 April 2023

Datum : 2 April 2023

Tyd : 09:30

## Ontmoetingsdiens

**Lofpsalm : Psalm 30: 3, 4**
Votum en Seëngroet : (Bid)
**Sing : Skrifberyming 14-2**
Geloofsbelydenis : Apostoliese Geloofsbelydenis / Twaalf Artikels

## Verootmoedigingsdiens- en Versoeningsdiens

Wet van Die Here : Deuteronomium 5: 1 - 21 (BDV 2020 - vertaling)
**Sing : Psalm 86: 2, 3**

## Woorddiens

## Epiklesegebed

Skriflesing : Lukas 11: 1 - 13 (BDV 2020 - vertaling)
Teksverse : Lukas 11: 1, 9 - 13 (BDV 2020 - vertaling)
Tema : Ons hemelse Vader gee selfs meer as wat ons biddend vir Hom vra, daarom bid vrymoedig en volhardend!

## Antwoorddiens

Dankgebed

**Slotpsalm : Psalm 23: 1, 2, 3**

## Sending

Uitstuurseën (Bid)

# *Preek Opsomming*

**Hoe gaan dit met elkeen van ons se gebedslewe? Volhard ons elke dag in die gebed (Rom. 12:12; Ef. 6:18; Kol. 4:2; Thess. 5:17)? Elkeen van ons sal sekerlik verskillende antwoorde en reaksies op hierdie vrae hê. Wanneer ons oor gebed praat, dan gaan elkeen van ons se gebedslewe van mekaar verskil. Dit is normaal. Elkeen van ons se gebedstyd verskil. Elkeen van ons se manier van bid, verskil. Ook die dinge waarvoor elkeen van ons bid, verskil.**

**Hoewel ons gebedslewe verskillend is, is daar ook ooreenkomste. Daar is een ding wat ons in belydenis saambind: en dit is dat ons gebed nodig het. Dit glo en bely ons saam in Sondag 45 (vraag en antwoord 116): Waarom is die gebed vir die Christene nodig? Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis. Gebed is die sentrum van ons dankbaarheid. Die Here het gebed aan ons gegee as 'n gawe, wat intieme toegang tot Hom oopmaak (Filip. 4:6-7; Heb. 4:16). Maar hoe gereeld maak ons van hierdie gawe gebruik? Is gebed regtig vir ons noodsaaklik? Om onsself aan hierdie vrae te meet, moet ons hoor wat ons Here Jesus vir sy dissipels geleer het. Miskien gaan ons weer opnuut die noodsaaklikheid van gebed ontdek dat ons ook soos die dissipels vir Jesus smeek: "Here, leer ons bid, …" (Luk. 11c).**

**In vanoggend se prediking gaan ons by DRIE hoofgedagtes stilstaan:**

**Die noodsaaklikheid van gebed**

**Bid vrymoedig en volhardend**

**Ons hemelse Vader gee selfs meer as wat ons biddend vir Hom vra**

## TROKBEDIENING

Dankie vir die ondersteuning Vredevolle en geseënde April maand toegebid .



# OOG VIR MEKAAR



* Ons is baie dankbaar teenoor die Here dat Theyman en Simonè baie goeie nuus ontvang het van die dokter. Daar was geen kankerselle wat in die vorige operasie verwyder is nie. Ons is dankbaar en bid vir goeie gesondheid.
* Ons bid vir Gerdien Kuijpers wat pyn ondervind na die eerste bestralingsessies. Mag die Here jou geeestelike krag gee om hierdie nuwe uitdaging in die geloof aan te pak.
* Ons bid vir Tialeen Venter wat DV Dinsdag in Unitas geopereer word. Seën met die nasorg. Ds Sarel is DV Woensdag terug by die huis en sal die eredienste die naweek waarneem.
* Rika Jongbloed het velkankers laat verwyder. Ons bede is dat die wonde gou sal genees.
* Ons wens Johan Vermeulen en Nelie Badenhorst baie geluk met hulle huwelik wat DV Saterdag voltrek word. Ons bid julle 'n baie geseënde huwelikslewe toe. Hulle gaan hulle in Pta vestig. Ons bedank Nelie wat vir baie lank die Voorsitter van die Susters was en ook die saamtrek se reëlings waargeneem het.
* Baie welkom aan Teologiese student Philip Wepener wat vandag die ere diens waarneem. Baie seën met jou Meestersgraad en met die voorbereiding van jou eksamenpreke.
* **Vrydag se erediens begin om 08:00. Sondag se erediens is normale tyd om 09:30.**

# KONSISTORIEDIENSBEURTE 2 April 2023

**Diensbeurt: Wyk 14**
**Ouderling: MJ Venter**

**Katkisasie: Geen katkisasie**
**Diaken:**

Ouderlinge en diakens moet asb kennis neem dat almal, weer soos voorheen, voor die erediens in die konsistorie sal vergader.

**Eredienste begin 09:30**



# KALENDER



| *Verjaarsdae* | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | **Ouderdom** | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| (So) 2 Apr | Johan Peyper | 67 | B | 082 464 1631 |
| (Ma) 3 Apr | Burger Myburgh | 36 | B | 074 856 2085 |
| (Di) 4 Apr | Tinus Du Preez<br>Johmar Wolmerans | 45<br>18 | B<br>B | 082 654 2099<br>083 339 5398 |
| (Do) 6 Apr | Nelie Badenhorst<br>Rioni Combrink | 67<br>41 | B<br>B | 074 663 5377<br>082 804 7041 |

| **Huweliksherdenkings** | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| (So) 2 Apr 1976 | Marius & Harriet Krüger | 47 | 076 394 1396<br>082 785 6975 |
| (Ma) 3 Apr 1982 | Andre & Annemarie Bakker | 41 | 082 484 6267<br>083 457 1711 |
| (Di) 4 Apr 2015 | Niekie & Candace vd Walt | 8 | 082 974 3059<br>082 382 3471 |
| (Wo) 5 Apr 2003 | MJ & Nelmarie Venter | 20 | 082 444 0336<br>082 752 1637 |
| (Do) 6 Apr 1993 | Theuns & Annatjie Botha | 30 | 082 904 7694<br>072 266 1243 |
| (Vr) 7 Apr 2017 | Shawn & Annemarie Koekemoer | 6 | 082 361 2427<br>083 263 5171 |

## TEESKINKBEURTE




**2 April 2023**
Elizabeth Hurter
Megan vd Merwe
Sheralyn Jv Rensburg
Bonnie Jv Rensburg

**9 April 2023**
**Geen tee of koffie sal bedien word agv die langnaweek.**

**Suster as jy nie beskikbaar is met jou teeskinkbeurt nie, ruil self met 'n ander suster uit asseblief!**

## GOEIE VRYDAG EREDIENS

***Lidmate moet asb kennis neem dat die erediens op Goeie Vrydag 7 April 2023 om 08:00 sal begin.***

## GEDAGTE VIR DIE WEEK

**Wie u Naam ken,**
**kan op U vertrou,**
**want U laat hulle wat U soek**
**nie in die steek nie, Here.**
**Psalm 9:11**

# KOLLEKTES



Kollektes April 2023

**Tydends erediens:**
**Diakonale Sorg**

**Na erediens (By die deure):**
**Spesiale Fondse :**
**9 April Kerklike Tydskrifte**
**16 April Expando**
**23 April Bystandfonds vir Diakonie**

**“n Volledige lys van verpligte asook vrywillige kollektes vir 2023 tot 2025 is op die kennisgewingbord agter in die portaal beskikbaar.**

# DATUMS OM TE ONTHOU

**Neem asseblief kennis dat Bybelstudie weer op 18 April 2023 sal hervat.**



Hou asb die Basuin dop vir datums.

## GEMEENTE KUIER

**Op Vrydag 21 April 2023 beplan ons weer 'n kuiertjie hier by die kerk.**




**Bring jou gunsteling wors, broodrolletjies, eetgerei en drinkgoed, want die Aktiwiteitskommissie sorg vir die res. Daar sal vure wees om jou wors te braai asook souse, tamaties, blaarslaai, gebraaide uie en kaas.**

**Ons kuier weer vanaf 18:00 saam.**

**Kom en geniet die aand saam met ons.**

# EVANGELISASIE (SOUT EN LIG)



## Laat ons Sout & Lig in hierdie wêreld wees

**Kinders van God Rom 8:14-17 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. 15Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie;**



## Abba; Vader

**nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. 16Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.**

## EVANGELISASIE (VERVOLG)



# Erfgename

17En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.



# Praat saam....

**Alleen, deur die Gees, 'n kind van God.**
**Alleen, iemand wat in Jesus glo, kan uit roep: Abba, Vader!**
**Dan is jy 'n erfgenaam.**
**Dan is jy deel van die familie saam met Christus.**
***Is daar iemand wat langs ons familie leef. Trek hom/haar weer nader met die wete dat die wat in Jesus glo Kinders van God is.***

**Preke en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** Faksnommer | Nantes Kotze<br>(015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | admin@gereformeerd.co.za |
| Webwerf | www.gereformeerd.co.za |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** Kerkkas | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| Diakonie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| Koningskinders | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| Geref. Susters Org. Pietersburg | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| Aktiwiteitskommissie | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

Op 'n keer het Jesus op 'n sekere plek gebid, en toe Hy klaar was, het een van sy dissipels vir Hom gesê: "Here, leer ons bid, soos ook Johannes sy dissipels geleer het. "

Lukas 11: 1
(BDV 2020 - vertaling)

